

9 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47

Fokusgedeelte: Handeling 2:46, 47

By God lê ons hoop en ons opdrag

Dit moes wonderlik gewees het om deel te wees van die kerk soos wat dit hier vir ons beskryf word. Die evangelie word verkondig, die mense hoor, kom tot geloof en dan pas hulle hul lewens aan by dit wat hulle gehoor het en by dit wat die Heilige Gees in hulle werk. Dit het egter nie net goed gegaan in die kerk nie, die volk was hulle ook goedgesind.

Hoe anders is die situasie waarin die kerk homself vandag bevind. Daar is mense wat die evangelie hoor, maar eenvoudig nie hulle lewens daarby aanpas nie. Selfs binne die kerk is die mense mekaar nie altyd goedgesind nie.

Alhoewel die kerklike situasie waarin ons onself bevind, anders is as dit wat ons hier gelees het, is God nie anders nie. En by Hom lê ons hoop en ons opdrag. Dit is die Here se onbeperkte reg om by die getal van die gelowiges by te voeg wie Hy wil. Dit is egter ook die voorreg en plig van die gemeenskap van die gelowiges om God aan die mense bekend te maak wat Hom nog nie ken nie, en hulle wat die Here by die kerk voeg, te verwelkom.

Op ons rus steeds die verpligting om op so 'n manier te leef dat die wêreld buite die kerk sal sien wat God binne die kerk laat gebeur, en vanuit die stukkendheid van die wêreld die heelheid wat God daar bewerk, sal raaksien.

Die kerk is anders, maar God is steeds dieselfde, en Hy kan steeds dieselfde deur sy Woord en deur sy Gees doen, as wat in daardie eerste rukkies na die uitstorting van die Heilige Gees gebeur het.

'n Gewetensvraag: Is ons sulke Christene dat God mense by die lewende kerk voeg op grond van dit wat hulle by ons sien?

Sing: Psalm 40:8 (1936)

Dr PC van der Walt (Pietersburg-Suid)